

### **Afdeling A : Kreatiewe skryfwerk**

Die verhalende stelstuk 1.1 en die beskrywende opstel 1.2 is deur die meeste kandidate aangepak en van hulle het redelik goed gevaar. Wat nog steeds kommerwekkend is, is die onafgerondheid van baie van die pogings. Daar word nie beplan nie en paragrafering word slordig hanteer.

Die basiese elemente van stelwerk (inleiding en gepaste slot) word deur kandidate verwaarloos. Sonder die elemente is die stelstuk onafgerond.

Kandidate het dikwels die style (verhalend en beskrywend) verwar en sodoende waardevolle punte verloor. Goeie skryfwerk is 'n tegniek en kandidate moet genoegsame oefening kry sodat die verskillende kategorieë van skryfwerk makliker baasgeraak kan word.

### **Afdeling B en C : Funksionele en korter tekste**

By hierdie afdeling het kandidate feitlik al die vrae aangepak. Die gunsteling vrae was die informele brief (2.2) en die dagboek (2.3). Wat egter pla, is die feit dat 'n noemenswaardige aantal kandidate nie eens die adres by die vriendskaplike brief verskaf nie. Dit is duidelik dat die deeltydse kandidate nie genoegsame oefening in die onderskeie funksionele tekste kry nie.

Die leerders wat egter die formele brief aangepak het, sukkel veral met die vorm en om soms die regte toon te handhaaf. Kandidate behoort voorberei te word op alle tipes funksionele skryfwerk (sien voorskrifte). Weinig van die kandidate kon die resensie (2.4) baasraak.

By die korter tekste het die meerderheid van die kandidate die vrae aangedurf. Baie kandidate het punte verloor omdat sekere vrae nie beantwoord is nie. Kandidate moet afgerig word dat hulle veral by 'n vrae so volledig as moontlik die vrae moet voltooi omdat die punte verkry word as gevolg van die kandidaat se volledige respons.

### **Afdeling D : Kreatiewe respons kortkuns**

Slegs enkele kandidate kon noemenswaardige punte by die kortverhale behaal, juis vanweë die feit dat hulle die verhale gelees het. Jaarliks word daar verslag gedoen en aanbevelings gemaak oor die afdeling wat so gruwelik deur die kandidate en die opvoeders verwaarloos word. 'n Kandidaat kan net op die kreatiewe respons reageer indien die verhaal gelees is of dit in die kontakssessie bespreek is.